CACHET
APTEEK
U PLUS APTEEK
Tomstraat 92

# die WAPAD


Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXXI NOMMER 15 — VRYDAG 13 AUG. 1976

PL KE!
Vir u kleurbaadjies
en
sportbenodigdhede:
Johan Claassen
Broers

# Hulle sal leisels neem


THEUNS ELOFF
• Voorsitter


PIETER MÖLLER
• Ondervoorsitter


GERHARD KAMFFER
• Kultuurraad


ZOKS SCHWELLNUSS
• Kultuurraad


GARRIE SCHUTTE
• Politiese Raad


DOUW BREED
• Politiese Raad


GERRIE VAN WYK
• Korpsraad


PIETER FOURIE
• Korpsraad


T. T. CLOETE
• Akademiese Raad


CORRIE KRAAMWINKEL
• Akademiese Raad


NIC POTGIETER
• Koshuisraad


ILSE KUUN
• Koshuisraad


PEET BADENHORST
• Sportraad


PIERRE DE JAGER
• Sportraad


PIETER ODENDAAL
• Administratiewe Raad


ADRÉ VAN DEN BERG
• Administratiewe Raad

## *NUWE STUDENTERAAD MIK HOOG*

## Geen verrassing met keuse

## Samestelling so verwag, sê studente

**NA afloop van die Studenteraadsverkiesing kan daar met trots gekyk word na die nuwe Studenteraad. Hierdie Studenteraad getuig van soepelheid binne die raamwerk van standvastigheid.**

Andermaal egter is dit teleurstellend van aard om te sien hoe sommige van die koshuise geblokstem het. Ironies is dat mens nou allerlei aantygings moet aanhoor veral uit oorde vanwaar mens dit die minste kan verwag en hulle dit die minste kan bekostig. Die hoop bestaan egter wel dat dit die laaste stiuptrekkings is van, in sommige kringe, teleurstelling.

Anders as in die verlede was daar hierdie jaar geen spesifieke kontroversiële tema nie. Wat wel opvallend was, was dat daar veral klem gelê is op die apatiese studentegemeenskap.

Aan die ander kant is dit ook so dat daar juis nou 'n tipe van opflikkering plaasvind in die studentegeledere.

Juis as gevolg hiervan kan mens 'n rekord stempersentasie verwag het. Omdat die bywoning van die groot sweet nie aan die verwagtings voldoen het nie, kan mens nie anders as om andermaal die studentegemeenskap met nuwe oë te beskou nie. Dit impliseer eenvoudig dat hulle hul hoofsaaklik verlaat het op die curricula vitae van die kandidate. Hoewel ernstig hierteen gewaarsku is in 'n vorige uitgawe van die Wapad het die kiesers nietemin 'n puik studenteraad saamgestel.

Ten slotte moet steeds in gedagte gehou word dat u as studente die leiers nou aangestel het. Wat en hoe hulle die leisels gaan hanteer, dra die goedkeuring van die meerderheid weg — laasgenoemde het hulle immers daargestel.

Van ons word dus verwag om alle steun en samewerking te verleen aan die studenteraad. Andersom geld dieselfde natuurlik dan nou ook.

*Intervarsity met kaalkop? nee . . . nooit!!*
*Beskikbaar by S.S.R.-kantoor.*
(Foto: Hendrik Bosman)



# Die berugte vyf

**JA, ons het almal met hulle te doen: die berugte vyf kilogram na die wintervakansie. Die romp wat voor die vakansie nog so lossies gesit het, se rits wil nou ewe skielik nie meer toegaan nie.**

Daar is beslis iets met die skaal verkeerd en die spieël lyk so bedrieglik. Net môre begin ek met 'n dieet — net môre! So bly dit altyd — môre ! !

Indien jou klere jou oorreed om 'n dieet na te volg, moet jy baie oordeelkundig te werk gaan en sorg dat jy altyd die noodsaaklike voedingswaarde inneem. Moenie sommer enige boereraat volg of drie dae sonder kos bly nie — jy sal dalk later minder weeg maar jou figuur gaan in proporsie nog net so bly. Eintlik moet jy ook aan jouself erken dat die Puk-Pik tog skelm ondersteun word.

Oefeninge doen is 'n veel wensliker uitweg. Staan net 'n kwartier vroeër op en raak 'n bietjie die tone, swaai die arms en draai om jou middel. As jou spiere so mooi en ferm word, sal ook oortollige energie verlore gaan. Jou vel word mooier en jou hare blink. Jy voel gesond en lus vir die lewe. Jy konsentreer veel makliker in die klas en daar is geen knaende hongerpyne nie!

Wat is nou lekkerder as om in die aande met 'n maat te gaan draf en daarna 'n heerlike stort? Wat is meer opwindend as om te sien die skaal dra minder en jy eet nog steeds genoeg. Jy kan nooit die verkeerde oefeninge doen nie, maar jy kan wel die verkeerde dieet volg. 'n Gesonder liggaam huisves 'n gesonde gees!



BATIK deur I. du Preez. (Foto: Tjalla Moolman.)

# Hoekom lyk my vel dan so?

**DIS 'n vraag wat baie van ons vra, en dan nog met 'n frons wat lelike merke op jou voorkop kloof. Hoekom is daar gedurig merkies op my voorkop? Besef jy, jonge dame, dat die fout by jouself lê?**

Jy is die een wat van soet koffie hou en baie „Coffeemate" en Kakao in die aande. Wie sal ooit weet van die kaaskrulle wat jy gekoop het? „Aag wat, ek het vergeet om vanaand my gesig te was — sal dit môre doen."

Beantwoord eers die volgende vrae en dan sal jy dalk te skaam wees om weer te vra. „Hoekom lyk my vel dan so?"

Was jy jou gesig elke aand én elke oggend? Jou vel behoort gereeld versorg te word. Dit is beter om vloeibare reinigers te gebruik as seep of dik room wat in sommige gevalle net die porieë verstop.

Drink jy agt glase water per dag? Nee, dit klink mos te veel. Agt glase is glad nie soveel nie, en jy hoef in elk geval nie die eerste dag al soveel te drink nie.

Gebruik jy 'n vogroom? Nee? Het jy geweet dat 'n vogroom baie beslis noodsaaklik is om terug te sit dit wat jy uithaal?

Met ons droë klimaat en felle son is dit veral noodsaaklik. Daar is vogrome wat spesiaal vir olierige velle bedoel is, al dink jy dis nie nodig ne. Vogroom beskerm ook die vel en dien as onderlaag. Grimering direk op jou vel is skoonheidsmoord.

Masseer jy ooit jou gesig? Alle bewegings geskied in opwaartse sirkels. Tik die vel net liggies om die bloedsomloop te stimuleer.

Gebruik jy nou en dan 'n masker? Wel, dit kan wonders verrig. Jy sal verbaas wees. 'n Gesigmasker is by enige apteek verkrygbaar, en net die regte antwoord op jou vraag vaneffe.

# Hallo asters!

NA so 'n lang tydperk van wag laat ons weer van ons weet. Dis nou aan al die dames koshuise wat ons bewonder. Goeie nuus is mos skaars, daarom laat ons so min van ons weet.

Van die gereelde takies soos lakens ruil, kamer skoonmaak, was, tande borsel, skeer ens., sal ons nie so baie kan sê nie want behalwe skeer is die ander takies maar min of meer dieselfde.

Oor ons prestasies op die sportveld kan ons baie sê: Aangesien ons die gevoelens van die ander mans koshuis in ag neem sal ons egter nie nou al die tellings noem nie, maar die feit bly staan dat ons nie nonsens vat van kaboutertjies nie.

Die name van die agt koshuisgange is in die nabye verlede voltooi en al die bewonderaars van HOMBRé is ten alle tye welkom om die kunswerke te kom aanskou. Vanaf Manjana deur Molestus tot by El Toro is dit lieflik om te sien hoe die manne hulle gange se naam gestand doen, Molestus is daar altyd moleste, Moerverlaten is altyd verlate (veral met sleeptye) so ook sokkol die manne maar in gang drie.

Aan die akademie word daar baie skade gedoen, veral so na die vakansie is dit snaaks om te sien hoe die manne inklim om in te haal wat hulle tydens die tydperk van rus verloor het.

Aan al ons bewonderaars, groete tot volgende keer en skryf gerus aan die HOMBRé fan klub. Lekker bly. HOMBRé.

# Babie Venter



BABIE VENTER (Foto: Pieter Mostert)

ONS gaan die week voort met die reeks oor die primarias. Hierdie keer gesels „Die Wapad" met Babie Venter, primaria van Vergeet-my-nie.

Ek betrap haar waar sy in 'n kamer vol oggendsonskyn besig is om uit te pak na die vakansie. „Dit was net te kort", sug sy. Maar aan die ander kant is sy bly om terug te wees op die Puk en die liefde vir haar Alma Mater is sommer baie duidelik. Sy is in ekstase oor haar koshuis se gees hierdie jaar. Hulle is propvol planne en idees en die Damesweek gaan groot wees. Sy voel die gees op die hele kampus is oor die algemeen baie goed hierdie jaar, dit is asof daar meer betrokkenheid is by die studente en sy is ook vol lof oor die skakeling wat daar bestaan tussen die Studenteraad en die verskillende Huiskomitees.

Babie kom van Ermelo se wêreld en matrikuleer aan die Hoërskool Ermelo. Sy woon nog haar hele lewe lank op 'n plaas. Toe sy in graad twee was, het hulle uit Kenia na Suid-Afrika getrek.

Verlede jaar behaal sy die graad B.A. met hoofvakke Afrikaans-Nederlands en Geskiedenis en doen nou hierdie jaar H.O.D.(G). Sy wil volgende jaar gaan skoolhou en hou duimvas dat sy 'n pos sal kry in Potchefstroom. Die groot trekpleister hier is Frikkie Botha, hy voltooi volgende jaar sy B.Sc.-Farmasie.




# Die gelukkigste dae van jou lewe

**THALIA se besprekings is nou uiteindelik oop by die Studenteraadskantoor en by Pro Rege. So u kan nou reeds bespreek om sodoende teleurstelling te voorkom.**

Hierdie jaar bied ons u 'n opvoering wat geskryf is deur John Dighton, „DIE GELUKKIGSTE DAE VAN JOU LEWE". Wie se skooldae was nie vir hom die gelukkigste van sy lewe nie? In hierdie geval is dit net 'n seun- en meisieskool wat saamgegooi is deur die sameloop van omstandighede sonder dat hulle daarvan bewus is. Kan u uself 'n groter fiasko voorstel indien elkeen doodgewoon reageer as sou hulle nie van mekaar bewus wees nie? Kom en kom sien vir uself waarin hierdie deurmekaarboerdery ontwikkel as die ouers boonop ook nog opdaag!

Kom lag nou eers gou lekker saam met ons voordat die eksamen en die bloktyd begin. Reeds vanaf die 7—11 September is ons in die Totiussaal en boonop is die pryse spesiaal aangepas om die sak van elke student te pas. Hierdie beloof om een van die allerbeste te wees wat Thalia ooit opgevoer het. Maak asseblief dus seker dat u vroegtydig kaartjies koop om nie die geleentheid mis te loop nie.

Ook word daar op die 10 September 'n reünie gehou van alle oud-Thalia-lede. Dit sal waardeer word indien hulle voor 20 Augustus die voorsitter van Thalia laat weet hoeveel hierdie funksie sal wil bywoon. Kontak net die studenteraadskantoor hiervoor.





**... en jy noem my dogter 'n bokooi?**

# *Is tuislande nog 'n oplossing?*

**AS die tuislande nie ontwikkel word nie, is daar geen morele regverdiging vir die beleid van afsonderlike ontwikkeling nie. En dan sal so 'n beleid ook noodwendig moet misluk as instrument om rassevrede op langtermyngrondslag te verseker.**

Aan die ander kant: as die tuislande sodanig kan ontwikkel dat die lewenspeil dáár geensins agter staan by dié in die Blanke deel van Suid-Afrika nie, sodat lede van die swart volke uit eie wil en met entoesiasme na hul tuislande terug keer om hulle permanent daar te vestig behoort die beleid mettertyd volle internasionale goedkeuring te verkry.

In die begrip „afsonderlike ontwikkeling" moet die klem dus minstens net so sterk op die tweede as op die eerste deel val.

Ontwikkeling is die resultaat van die wisselwerking tussen mens en omgewing: dus weer twee elemente. Die fisiese omgewing moet oor die potensiaal beskik om ontwikkel te word: bewerkbare grond, 'n aanvaarbare klimaat, benutbare natuurlike plantegroei en desnoods mineraalrykdomme. Dit moet ook só geleë wees dat dit in sinvolle ekonomiese aanraking met die mark vir sy uitvoerprodukte kan kom — hetsy binne of buite Suid-Afrika.

Aan die ander kant moet die mens bereid wees om sy leefwyse so in te rig dat hy die volle potensiaal van sy bodem kan verwesenlik: dinge soos 'n werkweek van 40 uur, beroepsopleiding, 'n progressiewe belastingstelsel, spaargewoontes en 'n bereidwilligheid om sy geld op risiko beskikbaar te stel aan diegene wat dit produktief wil aanwend. Dié dinge moet alledaagse verskynsels by 'n breë laag van die bevolking word en die sosiale en gesinspatrone moet daarvolgens aangepas word.

Oor die feit dat die tuislande oor 'n potensiaal vir fisiese ontwikkeling beskik, hoef nie geargumenteer te word nie hoewel almal nie oor dieselfde potensialiteite beskik nie en sommige beslis beter daaraan toe is as ander. Oor die vraag of daar genoeg potensiaal ingesluit is binne die huidige grense vir die betrokke bevolkingsgetalle — en oor hoe groot die belemmering is van los stukkies grond wat saam 'n tuisland moet uitmaak — kan geargumenteer word. Daar sal in elk geval nie 'n enkele algemeen geldende antwoord vir alle tuisland wees nie.

Waar die beskikbare potensiaal van die tuislande bo enige redelike twyfel ontwikkelbaar is — die vraag is net tot watter hoogte — is die aard van die beskikbare mannekrag die faktor wat dié tempo van ontwikkeling sal bepaal. Van groot getalle mense wat opgegroei het in 'n atmosfeer van stamtradisies en 'n bestaansekonomie, word verwag — om sukses aan die wêreld te kan toon — om eensklaps moderne industriële nasies en lewenskragtige geldekonomieë op te bou ten spyte van al die belemmeringe wat ingewortelde opvattings, gesins- en stamstrukture en tradisionele lewenswyses inhou. En dit kan nie: 'n opvoedings- en opleidingsproses is daarvoor nodig, en al was die nodige opvoedkundiges daarvoor beskikbaar — en hulle is nie — geskied die nodige veranderde geestes-houdings in terme van geslagte — 30 jaar of langer op 'n keer — en nie in terme van oomblikke of selfs jare nie. Dit is hier waar die grootste probleem van die tuislandontwikkeling lê.

En dan slaag nóg die ekonomiese aantreklikheid van die huidige tuislande nóg die bereidwilligheid tot nasiediens daarin om dié lede van die tuislandvolke in Blankegebied, wat baie van die houdings en vaardighede van die moderne ekonomie aanvaar het, na die tuislande te lok om hul talente daar tot diens van hul nasie te stel.

Dat die tuislandbeleid mettertyd kan slaag mits die tuislandpotensiaal voldoende is en behoorlik ontwikkel word, hoef nie betwyfel te word nie. Maar of dit kan slaag teen die tempo wat die huidige wêreldklimaat verwag, is meer as net 'n vraag. Die mensepotensiaal en die tempo waarteen die mens bereid en in staat is om totaal nuwe opvattings te absorbeer, skep in dié opsig 'n bykans onoorkomelike probleem.

# *FILATELISTE BESOEK DIE STAATSDRUKKERY*

**„DIE koudste in jare", sê die koerantopskrifte toe sewe van ons een Junieoggend dou voor dag hier van Potchefstroom af wegspring om die Staatsdrukkery in Pretoria te besoek.**

Daar aangekom is ons eers na Filateliedienste waar mnr. Bothma en sy span ons ontvang het. Hier is ons ingelig oor al die „moets en moenies" van 'n besoek aan die Staatsdrukker. Kameras is bv. verbode.

By die staatsdrukker moes eers permitte uitgereik word om ons toestemming te verleen. Die eerste afdeling wat besoek is, is waar die tekening van die kunstenaar gefotografeer word met verskillende filters voor die lens, om sodoende die onderskeie kleure waarin die seël gedruk gaan word te onderskei. Daarna word hierdie afdrukke vermenigvuldig om sodoende 'n vel te vorm. Doen ingewikkelde prosesse word hierdie afdrukke (met die 100 of 200 afbeeldings van die seëls) oorgedra na die staalsilinders, wat dan die onderskeie seëls sal weergee.

Hierdie silinders word dan in 'n drukpers geplaas en elk so 'n silinder sal dan 'n kleur op die papier druk. Die drukpers waarin ons die meeste belanggestel het wat die De la Rue-Giori 841 masjien. Hierdie monster kan met die een deurbeweeg van die papier sewe kleure in die fotogravure en drie kleure in die staaldruk druk. Dan perforeer dit nog die seëls en die seëls word in velle gesny.

Seëls word nadat hulle gedruk is ook sorgvuldig nagegaan en enige foute word verwyder en verbrand. Hierna word die velle seëls na die onderskeie poskantore uitgestuur waar ons dit dan kan koop.

Na ons besoek aan die staatsdrukker het ons 'n vinnige besoek by die seëlhandelaar Claude Malan afgelê voordat ons huiswaarts gekeer het.


**Volkskas praat die taal van kundiges**

Die taal wat Volkskas praat, val soos klinkende munt op die oor van die vernuftige belegger.

Volkskas kan bekostig om soos 'n kenner sy sê te sê: want sedert die vroegste dae groei Volkskas saam met die land en sy mense. Ken hy hulle aard, hulle behoeftes, hulle lojaliteite.

Daarom praat Volkskas saam . . . in 'n tradisie van diens en kundigheid.

Kom praat met die bank wat verstaan.

**Volkskas**

ARBEIDSAAMHEID

die WAPAD
(Geaffilieer by A.S.P.U.)

# Geluk S.S.R.

**NOUDAT die stryd gestry is en u as oorwinnaars aangewys is, is daar geen oomblik van rus nie. Almal weet niemand besef die groot verantwoordelikheid wat op u skouers geplaas is meer as u self nie. U is nou in die posisie om met al u krag, u ywer, u werkvermoë en u volharding, u medestudente te dien. Laat dit vir u primêr gaan om dienslewering. Probeer om selfonthouding na die beste van u vermoë toe te pas. Van harte geluk en van ons kant af alle samewerking en sterkte vir u pad vorentoe.**

# Laat ons loer

**Amper is die tyd daar om ons pen, kwas en kamera te pak. Voor dit net so 'n loer oor die skouer:**

**Die uittredende Studenteraad het 'n kragtige en dinamiese leier in Johan Pretorius gehad. Onder sy uiters knap leiding is op meer as een terrein gestalte aan die teorie gegee.**

**Waar ons dan nou nie meer klank vanuit sy rigting gaan hoor nie, hoop ons die beeld bly goed!**

# Inter-hoër?

**So eensydig soos die titel, so eensydig die wedstryd. Na al die jare volg die Kovsies uiteindelik goeie beleid — hulle praat nou voor die tyd, want na die tyd? Een man moet beslis plek kry, dit is Krantz. Want wat is 'n span van veertien bobbejane nou sonder 'n krans? Natuurlik gaan ons intervarsity geniet. Daar sal seker ook nie net rugby gespeel word nie. Dalk gaan wys die Kovsies ons nog Bloemfontein se dieretuin ook! Onnodig om te sê, ons Pukke weet hoe om ons te gedra.**

# Optimisties?

**Die vraag kan gestel word of die lewe uit Christelike gesigspunt een van somberheid of optimisme is. Eintlik is dit geeneen van die twee nie. Daar was 'n tyd toe die werklike sin en vreugde van die lewe algeheel na die hiernamaals verlê is. Die Renaissance het hierin 'n verandering gebring. Daar het 'n verandering in die gerigtheid van die mens gekom. Hy het sy oë geopen vir die groot misterie van die Goddelike aanwesigheid in die geskape natuur. God is nie net daarbuite of daarbo nie, maar in sy skepping en daarom, so het die mens gereken is dit goed en moet dit geniet word.**

**Hierdie wêreldaanvaarding en optimisme het egter anders verloop as bloot langs die weg van edele vooruitgang. Met die verwerping van die Christelike afsondering is ook die leer oor die sonde en gebrokenheid van die mens verwerp. Alles is goed. Die stoflikheid, die sinnelike, die liggaam en die liggaamlike moet in ere herstel word. Die mens word gesien as in wese goed. Die skoonheid word vereer. Daar is groot toewyding aan die wetenskap, die tegniek, die kuns en veral die natuurwetenskap.**

**Alle moontlikhede van die menslike geslag bloei oop. Daar is groot vreugde oor ons menswees, die menslikheid en die skone aarde. Die wêreld lê oop en wink om verower te word. Die mens aanvaar en geniet die goddelik-deurademde kosmos!**

**Dat daar vanuit Christelike gesigspunt standpunt ingeneem word teen hierdie selfversekerde optimisme is nie toe te skrywe aan 'n wesenlike pessimisme nie, wat dan tot die aard van die Christelike lewe sou behoort nie. Maar die sogenaamde mondigheid van die mens in sy ontplooiing het ook nie net prestasies op verskillende terreine gelewer nie, maar selfvernietiging deur massamoord en ontaarding vanweë die weiering om van die kwaad afgesonderd te lewe.**

**Die Christendom spreek ook van die ontplooiing of ontluiking van die menslike lewe. Daar mag nie met 'n sonde-pessimisme volstaan word nie. Dit is verbode om passief op die hemel te wag en net maar te wag. Ons kultuurtaak vereis verbeeldingryke optrede. Maar dan gelowig waaksaam en nie optimisties sonder meer nie.**




# SO SAL DIE WETGEWENDE MAG NA ONAFHANKLIKHEID FUNKSIONEER

**UMTATA. — Die wetgewende mag in die Transkei sal ná onafhanklikheid berus by 'n Parlement wat sal bestaan uit 'n president en 'n Nasionale Vergadering, lui die konsepgrondwet wat onlangs gepubliseer is.**

Die Nasionale Vergadering sal bestaan uit die opperhoofde, 70 hoofmanne en 75 verkose lede. Die Vergadering sal minstens een keer per jaar vergader en sal vir 5 jaar verkies word.

Transkeise burgers sal die stemreg kry op 21 jaar of op 18 as hulle dan al belasting betaal. As hulle bepaalde misdade pleeg, verloor hulle die stemreg.

VLAG. — Lede van die Nasionale Vergadering moet minstens 21 jaar oud wees.

Die President sal deur die Nasionale Vergadering verkies word, en sal feitlik dieselfde magte hê as die Staats President van Suid-Afrika. Niemand onder 30 jaar mag president word nie. Sy ampstermyn is 7 jaar.

Die Transkeise vlag sal bestaan uit drie bane van rooi, wit en groen. Xhosa sal die amptelike taal wees, maar Sotho, Afrikaans en Engels kan ook vir wetgewende, geregtelike en administratiewe doeleindes gebruik word.

Die uitvoerende gesag sal berus by die President wat op die advies van 'n uitvoerende raad sal handel.

Die uitvoerende raad sal bestaan uit die ministers, wat nie meer as 15 mag wees nie.

Daar sal 28 kiesafdelings wees vir die verkiesing van die Nasionale Vergadering.

Die geregtelike gesag sal berus by 'n Hooggeregshof wat sal bestaan uit die hoofregter en soveel ander regters as wat die President nodig ag. Die hoof-regter moet eers 'n regter in die Transkeise hooggeregshof gewees het of 'n regter in 'n hoër hof in Suid-Afrika.

Elke persoon wat in die Transkei gebore is, sal 'n burger van die land wees en ook elkeen wat buite die Transkei gebore is, maar wie se vader 'n burger van die Transkei is. Burgerskap kan ook deur registrasie verkry word.

WETTE. — Alle wette wat in die Transkei van toepassing was voor onafhanklikheid sal staande gehou word en steeds van toepassing wees behalwe waar dit oorvleuel word deur wette wat die Transkeise parlement aangeneem het.

Alle regte en verpligtinge ingevolge konvensies, verdrae of ander soortgelyke ooreenkomste wat op die regering van die Transkei voor onafhanklikheid van toepassing was, sal die regte en verpligtinge van die Republiek van die Transkei wees.

## ? KLOKTORING

# LAASTE SKOF WAT NOG VOORLÊ

**ONS betree nou 'n nuwe semester wat baie inhou. Aan die een kant baie rooskleurig en aan die ander kant baie donker.**

**Rooskleurig in die sin dat daar nog gebeurtenisse soos intervarsity voorlê, wat baie vreugde verskaf en elke student van alles om hom laat vergeet. Donker aan die ander kant dat die leeu in ons nekke blaas. Die leeu wat ons almal vrees, nl. die akademie. Daar lê vir almal nog jaarpunteksamens voor en dan nog die eindeksamen. Vir die wat deur die jaar gewerk het hou die leeu geen vrees in nie, maar ai, die ouens wat so sosiaal georiënteerd is, dis vir hulle wat die leeu angstig sit en wag.**

**Hoekom berei ons ons dan nie voor nie? Dis nog nie te laat nie. Mens hardloop mos nie vir jou probleme weg nie. Die hele lewe is 'n uitdaging. Om elke uitdaging te aanvaar is 'n stap vorentoe na sukses.**

# KAALKOP INTERVARSITY TOE?? NOOIT!!!




# Uit die Woord

(Markus 2 : 1—7)

## JOU SONDES IS JOU VERGEWE!

*Christus is tweeduisend jaar gelede veroordeel omdat Hy Hom met sondaars assosieer. In Christus se antwoord daarop lê die hart van die Evangelie — die Wonderlike Nuus! „Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering". Jesus het gekom om sondaars salig te maak; om hulle sondes te vergewe.*

*Om deel te hê aan hierdie vergewing moet die mens sy sondetoestand besef soos die tollenaar en Paulus. Die tollenaar bid: „O God, wees my sondaar genadig". Paulus roep uit: „Ek, ellendige mens, wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?"*

*God wil hê dat ons na Hom toe sal kom met ons sondes — dit op die naam aan Hom openbaar. Moet nie van Hom wegvlug nie. Deel in die vreugde van skuldvergifnis: Die sondares in Lukas 7 het met trane van berou die voete van Jesus gewas — en sy is vergewe! Ons mag en moet met God praat. Deur Jesus Christus mag ek al my ellende by Hom uitkla en uitween.*

*Soms voel mense dat hulle sonde te groot is om deur God vergeef te word. Wie só redeneer maak God se beloftes goedkoop en Sy verlossingsplan onvoldoende.*

*God vergeef AL my sondes, nie net enkeles nie. Jesus Christus maak sondevergifnis moontlik. Watter mens op aarde sal sy eie seun gee vir iemand anders se oortredings? God het Sy seun gegee, oorgelewer om gekruisig te word vir die sondes van die wêreld. „Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol". Die skuldbrief teen ons is aan die kruis vasgenael. Jesus Christus het die rekening vir ons ten volle betaal.*

*God vergewe en vergeet; Hy dink nooit weer aan ons sondes nie: „So ver as die ooste verwyder is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons".*

*Vergewing wil sê dat daar sin in is om altyd weer aan te gaan — dat daar nuwe kans gegee sal word. Dit is 'n prikkel tot 'n opgewekte en blye lewe en vervul jou met nuwe moed en lewensvreugde.*

*Jy mag en kan weer 'n nuwe lewe begin, want God maak alles nuut! Hy maak nie net reg nie, Hy maak nuut.*

*Die mens het sedert die tyd van Christus nie verander nie. Sy grootste behoefte is nog steeds skuldvergifnis. Christus het ook nie verander nie — vandag nog sê Hy aan ons: „Staan op, arme sondaar — jou sondes is jou vergewe!"*

# *KRITIEK OP KRITIEK*

**VERGUN my hiermee die geleentheid om positiewe kritiek jeens die huidige toestand van die studente-koerant, Die Wapad, uit te spreek.**

As oud-Puk en oud-redaksielid van die Wapad en nou lid van Beeld-redaksie, is dit vir my 'n pyn in die hart en 'n dolk in die oog om te aanskou hoe die gehalte van die Wapad, sy redaksionele stof, asook sy tegniese versorging, in die laaste jaar gedaal het.

Onvergeeflike foute soos dié van Treurnight in plaas van Treurnicht, in die kop van die hoofberig, mag onder geen omstandighede deur 'n redaksie toegelaat word nie. Voorts is die tegniese versorging van die binneblaaie power en vol foute.

Die Wapad wat kort na die karnaval verskyn het, met die vervelige relaas van puntetoekennings op die voorblad, se kop was hopeloos te klein om enige proporsie op die blad te red. Dit was bleek en sonder sprankel en die binneblaaie se redaksionele stof en advertensies was sonder enige balans en die fotos onoordeelkundig geplaas.

Wat daarvan om die kopie in enkel kollomme liewer nege ems wyd te laat set in plaas daarvan om eindelose strepies tussen die kolomme te trek.

Die Wapad word deur ieder en elke student gelees, dit behoort 'n voorreg te wees om 'n gehalte koerant uit te gee.

Baie dankie
Salomé Jacobsz.



# ....en net dit en dat oor Wapad

**VOORDAT ek u bedank vir u positiewe kritiek rakende die Wapad, slegs die volgende:**

**Ek vind dit onwaarskynlik om te glo dat u aantyginge soos die agteruitgang van die gehalte en die redaksionele stof, die powere en foutryke tegniese versorging en onvergeeflike foute, as positiewe kritiek klassifiseer. Dit egter hier gelaat.**

**Verder is dit heel onnodig om te meld dat u 'n oud-Puk is. Dit spreek vanself. Indien u die pas afgelope karnaval met die belangstelling soos dit 'n oud-Puk betaam, gevolg het, sou u nie sonder meer beweer dat die puntetoekennings 'n „vervelige relaas" was nie. 'n Spesiale Kommissie van Ondersoek is deur die Studenteraad gelas. Hierdie kommissie se bevinding was dat die koshuis wat oorspronklik derde geplaas is, inderdaad die wenners sou wees. Hoe uiters vervelig!**

**In die lig hiervan is dit seker aan u duidelik dat mens, al het mens ook afgestudeer, ten volle op hoogte moet wees met die hartklop van 'n situasie alvorens mens 'n berig kan skrywe, des te meer kritiek lewer. Sien hierdie as my beskeie positiewe kritiek aan u. Aan die ander kant, 'n student, al is hy afgestudeer, is nog altyd daarvoor bekend dat hy met vrymoedigheid (en soms vrypostigheid!) 'n mening oor alles het en uitspreek.**

As oud-redaksielid van die Wapad, is u seker daarvan bewus dat ons in Potchefstroom met die enorme keuse van een enkele drukker gelaat is. Hierdie drukker bepaal dat hy van „eindelose strepies gebruik maak". Miskien was u redaksie in 'n ander posisie t.o.v. die drukker, maar dit spreek immers vanself dat ons huidige posisie daaruit ontwikkel het. U betoog dat „onvergeeflike foute soos in die kop van 'n hoofberig, onder geen omstandighede deur 'n redaksie toegelaat mag word nie", is suiwer teoreties van aard. As oud-redaksielid behoort dit vir u vanself te spreek.

As oud-Puk behoort u meer vertroud met die lesertal van die Wapad te wees. Om te beweer dat dit deur „ieder en elke student" gelees word, laat 'n groot aantal studente ewe verleë. Indien my geheue my nie in die steek laat nie, het die hoofbestuur van A.S.P.U. vier jaar gelede hom u uitspraak ten doel gestel. En daarby het ek ewe goedertrou aangeneem u „ieder en elke student" het betrekking slegs op die Puk.

**Ten slotte, baie dankie vir u positiewe kritiek.**
**Puk-groete.**
**REDAKTEUR.**

**(Lompe sinsbou en onnodige tikfoute word in u brief opgemerk. Red.).**




**DIE vakansie is verby. Dit begin jy nou al hoe meer besef. Daar's nie nou meer tyd vir speletjies nie. Die akademie begin nou druk. Die toetse reën soos klippe. Jy weet nie wat jou getref het nie. Gelukkig is daar darem so nou en dan 'n kansie vir 'n beker koffie waaroor jy kan droom en peins. Dan kry jy kans om te onthou hoe lekker die vakansie was. Jy dink aan die biltong en die kampvuur en die meisies... Dan ewe skielik moet jy terug na die werklikheid — terug na jou boeke. Jy wens tog so dis weer vakansie. Jy wonder of daar nie 'n gaaitjie onder in die beker is nie.**

# 5 min

## korps publikasie

**STEM JY SAAM?**

- Die doel van hierdie stuk is uitsluitlik om die Woord van God te gehoorsaam en om te buig onder die leiding van die Gees van God.
- 'n Universiteit is 'n verband van mense, en daarom is 'n universiteit slegs Christelik (d.w.s. **in** Christus) indien **al** sy studente en dosente onvoorwaardelik probeer buig onder die regering van Christus in alles wat aan die universiteit onderneem word.
- Christene aan so 'n universiteit is intens bly as sy lede die Woord gehoorsaam het in die verlede en dit ook in die hede doen. Op sulke gehoorsaamheid kan in die toekoms voortgebou word.
- Aan 'n Christelike universiteit streef **alle** dosente en studente in **alle** vakke om wetenskap in die lig van God se Woord te beoefen.
- Aan 'n Christelike universiteit moet studente uit elke dosent se lesings kan agterkom wat die verband is tussen vakwetenskap en die Woord van God. 'n Christen glo dus aan **eenheid** van kennis van die werklikheid.
- 'n Christelike universiteit stel **nie** dosente aan wat Christus doodswyg in hulle lesings en lewenswyse nie, of dosente wat nie weet wat Christelike wetenskap is nie, of wat nie glo dat Christus alle seggenskap oor wetenskapsbeoefening het nie, of wat klakkeloos humanistiese handboeke voorskryf, of wat nie glo dat Christus die Seun van God is nie — en dit geld vir tydelike en permanente personeel.
- Aan 'n Christelike universiteit is al die lede daarvan oop vir alle kritiek wat ten doel het lewensheiliging (waar onder wetenskapsheiliging), omdat 'n Christen bely dat hy absoluut sondig is en dus nie onaantasbaar is nie. Almal moet buig onder die gesag van die Woord, selfs al sou dit 'n eerstejaarstudentjie wees wat 'n professor beleefd met die waarheid van die Woord konfronteer.
- 'n Christelike universiteit word gekenmerk deur liefdevolle onderlinge tug, en nie deur sieklike verdraagsaamheid wat die deur oopmaak vir die verkeerde nie.
- Christen-dosente en -studente is nie afgunstig op mekaar nie, praat nie kwaad van mekaar nie, skinder nie van mekaar nie, maar praat verskille **met** mekaar uit in liefde en respek vir mekaar, met as enigste grondslag van redenasie die Woord van God, en nie persoonlike voorkeure nie.
- Die krag van 'n Christelike universiteit lê nie primêr in die omvang van sy werksaamhede nie, maar in die gehalte daarvan.
- 'n Christelike universiteit stry ernstig teen staatsoorheersing of -manipulering.
- 'n Christen-student is **ten minste** net so ontevrede oor swak (nie-Christelike) onderrig deur dosente as wat hy is oor swak kos of parkeergeriewe.


**IETS WAT U TOT DUSVER MISKIEN UIT DIE OOG VERLOOR HET, KAN DALK U HELE TOEKOMS BEPAAL.**

'n Bank.

Tye het verander. Banke ook.

Nedbank speel vandag 'n ewe belangrike rol op die kampus as in die Suid-Afrikaanse finanswêreld.

Per slot van rekening bevind duisende van ons toekomstige kliënte hulle tans op universiteit. Dis dus net logies om hulle sommer dadelik te begin help pleks van te wag vir beter dae. U het hulp nóú nog meer nodig as later.

**Studiehulp**

As student moet u geld hê vir allerlei dinge. Boeke. Losies. Klasgeld. Klere.

Nou ja, na u eerste studiejaar kan u aansoek doen vir 'n Nedbank-studieleningsrekening. Ons kan u 'n ruim bedrag tot 'n vasgestelde perk leen. Dié perk is nóg hoër as u besig is met u MBA-graad.

En u betaal net die spesiale lae studente-rentekoers: 5,5% op die geld wat u werklik trek.

U kan ook die gerief hê van 'n Nedbank-tjekboek, 'n Nedbank-spaarrekening en – as u kampus 'n Kitskontantmasjien het – ons Kitskontantkaart.

Daarby bied ons u verskeie ander dienste. Vakansietye sal ons u help met reisbesprekings. Ons kan u voorsien van reistjeks. Buitelandse valuta vir u reël. Ons kan selfs leesstof verskaf, soos publikasies oor die ekonomie. Ook Passport to Pleasure, ons gratis maandelikse gids oor reis en vermaak. En Nedbank Sportsman

**Wegspring-kapitaal vir u eie onderneming**

As u 'n professionele graad behaal, sal u dit dalk eendag oorweeg om u eie besigheid te begin. Weereens sal u vind dat Nedbank u nog verder kan help. Moontlik met 'n lening – op werklik billike voorwaardes.

Vir dokters en tandartse bied ons spesiale huurfasiliteite.

**Ons laat u geld méér geld verdien**

Ons toptalent op elke finansiële gebied is tot u beskikking. Finansbeplanners. Beleggingsbestuurders. Versekeringskonsultante. Trouens, u kan aanklop vir raad en advies by ons voorste finanskenners.

Ons kan u help beplan om u inkomste, u spaargeld en u kapitaal te laat groei. En die hoogste moontlike rentekoerse is beskikbaar vir enige beleggingstyd.

**Eenmaal 'n Nedbanker, altyd 'n Nedbanker**

Terwyl u nog student is, kom loer gerus bietjie in by u naaste Nedbank-tak en vertel die bestuurder wat u posisie is.

Want onthou: hoe verder u die res van u lewe vorder, hoe harder werk Nedbank vir u.

**DIE TOEKOMS LÊ BY DIE NEDBANKERS**

Nedbank Beperk Geregistreerde Handelsbank
'n Lid van die Nedsual-groep.

NEDBANK

# Pen, kwas & kamera


## Pen

### Eensaamheid

*'n Verrimpelde roos*
*Verweer deur die tyd*
*Droog en hard en lelik*
*En 'n verfrommelde hart*
*wat die pyn van smart*
*Eensaamheid en teleur-*
*stelling*
*Verberg tussen diep*
*voue*
*Voue van gelate aan-*
*vaarding*
*En 'n eens gewese*
*reukvolle roos*
*Nou slegs die dooie*
*blare*
*Donkerrooi soos dooie*
*bloed*
*Van 'n wond gebrand-*
*merk*
*Tot 'n ewige litteken.*
*'n Dooie roos.*

## KAALKOP INTERVARSITY TOE? NOOIT!!!

## *Hoe dan nou?*




## KAALKOP INTERVARSITY TOE ?? NOOIT !!!


## *ONS SKRYF NIE*

GEAGTE REDAKTEUR, Ek wil net graag my spyt uitspreek dat u nie meer briewe in die Wapad plaas nie, dit behoort immers die hartklop van u koerant te wees — en wat kry ons? 'n Skamele 2 of ou 3 briefies wat nie eens die moeite werd is om te lees nie.

Sonder enige positiewe bydrae is ek darem nou ook nie. Baie dankie vir die nuutgeskepte rubrieke in die koerant 'n Verdere baie goeie instelling is die ritrooster. Ons dames veral is besonder bly daaroor en hoop nou net dat die manne gaan reageer. „Kritikus".


(Wat u eerste paragraaf betref: u sê dit, en baie dankie vir die tweede. Red.)





(Foto's Hendrik Bosman)

## *KAMERA*



## OOSTERHOF

JUNIE-TYD is toetstyd en so ook in Oosterhof.

Laatnag blaai vele nog deur hul „notes" opsoek na 'n bekendheid maar helaas 'n ander ou se handskrif is meestal onduidelik. As jy met blydskap op 'n bekendheid afkom, moet jy maar weereens wonder — wat besiel dosente om in studente se slaap te praat. Dan versamel jy al jou kragte, skakel jou bedlamp aan en swot.

Raai wat gebeur dan. Sodra daar 'n liggie vir jou opgaan word jy in algehele duisternis gelaat (natuurlik weens 'n onderbreking in die elektriese stroom!) Volgens wet en regulasies is die hoofskakelaar verbode terrein vir 'n student en verkas jy maar na 'n ander gang of koud-koud na die ontspanningsaal.

Aan tafel kry blokkiesvleis nie eens aftrek nie. Dis net akademiese besprekings vanaf Palistrina tot die veeleisende Protokol. Dit laat jou maar net weereens tot die konklusie kom, massahisterie of nie, dis toetstyd!

Gelukkig is daar darem 2 dinge op die horison wat ons opkikker. Annali en Ria het die karaatwaarde van die koshuis weereens laat styg. Baie geluk. Die tweede is die nuus wat ons gekry het nl. dat Tegnies nie-amptelik 'n nuwe departement by hulle ingelyf het nl. Landboudepartement. Gooi gerus maar julle oog na die hoek by Oosterhof en julle sal sien daar word geploeg en geplant vir 'n vale.

Oostergroete.

## PUK rugby

VIR die tweede keer hierdie seisoen het die PUK se o/20 B span daarin geslaag om die o/20 span van Wes Wits te wen. Die eindtelling was 20 — 9 nadat PUK reeds halftyd 10 — 3 voorgeloop het.

Die voorspelers het hard gewerk om skoon balle aan die agterlyn te besorg wat op hulle beurt vir mooi hardlooprugby gesorg het. Die Pukke het alle fasette van die spel oorheers maar Wes Wits het met goeie verdediging gesorg dat menige aanval nie in punte omskep kon word nie. Kaptein Peet van Jaarsveld het 'n uitstaande vertoning op vleuel gelewer alhoewel hy die agtsteman van die huidige span is. Ander uitblinkers van die PUK span was Fred Rautenbach, Henning van Wyk en Johan du Plessis. Puk se punte is aangteken deur Herman Henning, P. van Jaarsveld, T. Louwser, P. Coetzer wat elk 'n drie gedruk het. P. Coetzer het ook 2 van die drieë vervyf. Wes Wits se punte is aangeteken d.m.v. een doel en strafdoel.


**Ons man op die kampus het 'n spesiale aanbod vir jou.**

„Ek nooi u uit om in verband met die Studieleningsplan met my te kom gesels".

ANDRÉ JOUBERT



**Barclays Nasionaal se spesiale studie-leningplan vir studente en gegradueerdes.**

1. **Studielenings:** Tot R3 000 +: om jou te help om jou studies te voltooi.
2. **M.B.A.-studielenings:** Tot R3 500 vir enige student wat vir 'n MBA-kursus aanvaar is.
3. **Studente:** Tot R500 tydelike finansiering vir onverwagte uitgawe.
4. **Gegradueerdes** R1 500: bystand aan gegradueerdes totdat hulle diens kan aanvaar.
5. **Persoonlike Lenings (Studente):** Tot R3 000: vir studente vir tandheelkunde en ander professionele beroepe om toerusting te kan finansier.
6. **Persoonlike Lenings (Gegradueerdes):** Tot R6 000: om pasgekwalifiseerde prokureurs, advokate ens. met 'n eie praktyk te help.
7. **Spaar- en lopende rekeninge.**

DIE BULT TEL. 6171

—WP.

# Ontmoet die kultuurraad

**DIE jaar 1975 sal seker onthou word as 'n belangrike jaar vir die Pukke, aangesien dit in dié jaar was waar verskeie struktuursveranderinge binne die studente-organisasies plaasgevind het.**

In hierdie jaar het die ABKK en die AOB ontbind en die Kultuurraad het uit hierdie twee rade ontstaan.

Die doel van die Kultuurraad is dan ook om die Pukstudent se belange te behartig wat betref ontspanning, vermaak en kultuur en om aan die studente tussen hierdie lyne vermaak en kultuur te verskaf. Die strewe na hierdie doel maak die Kultuurraad dus een van die grootste rade op die Puk wat verenigings betref.

Die Kultuurraad bestaan tans uit vyftien verenigings wat elk deur hul onderskeie voorsitters verteenwoordig word op die Kultuurraad.

Wat die struktuur binne die Kultuurraad betref, kan ons hom in drie dele verdeel. Die eerste is die ontspannings komittee wat alle vermaak op die Puk aanbied soos Thalia, Alabama en die uitnooi van verhoogkunstenaars.

Die tweede afdeling is die toerliggaam wat alle toere binne die Kultuurraad reël. Hierdie afdeling se pligte is dus heel veeleisend van aard, aangesien toere behoorlik beplan moet word.

Die laaste afdeling is die kulturele sy van die Kultuurraad. Onder hierdie afdeling val verenigings soos die Retoriese, Volkspele en die Voortrekkers.

Om hierdie afdelings behoorlik te laat funksioneer het die Kultuurraad ook verskeie ander komitees om die drie afdelings behulpsaam te wees. Die nuutste toevoeging is 'n komittee vir skakel en reklame werk binne die Kultuurraad. Hul doel sal ook verder wees om skakeling met ander universiteite op kulturele en ontspannings vlak te bevorder.

Die Kultuurraad ontvang sy fondse van die S.S.R. en dit word dan versprei na die verskillende verenigings na gelang van hul begroting.

Die eerste aanbieding wat die Kultuurraad gehou het was verlede jaar se lentefees. Hierdie jaar het hulle begin met die verwelkomings braaivleis op die sportterrein. Die Eerstejaarsdinee het gevolg en 'n paar verhoogkunstenaars het ook hier kom optree. Dinge het maar moeilik in die begin gegaan soos dit maar by elke nuwe raad gaan.

Noudat die Kultuurraad al sy eerste tree gegee het kan ons groot dinge te wagte wees vir die toekoms. Die lentefees wat kom, beloof om iets besonders te wees.

Die Kultuurraad is ook altyd oop vir voorstelle van die studente af en nooi almal vriendelik uit om enige idees tussen die lyne van vermaak en kultuur aan hulle te stuur.

## CINE-PUK

Agter elke filmvertoning wat die Puk aanbied sit Cine Puk.

As ons bietjie teruggaan in die geskiedenis van die Puk het die werklike eerste vertonings in 1964 begin. In hierdie jaar het filmvertonings so nou en dan hul verskyning gemaak met die gepaardgaande gebreke. So het dit maar voortgeduur tot eintlik in 1974 toe die Puk 'n 35mm projektor ontvang het. Dit het dadelik aan die Puk 'n besondere status verleen aangesien ons nou nog steeds die enigste universiteit in die land is wat beskik oor 'n 35mm projektor vir filmvertonings.

Verder bied Cine Puk ook 'n opleidingskursus aan waar projektor-manne gratis opgelei word. Die kursus is maar van korte duur, maar die standaard is besonder hoog. Die studente ontvang 'n kursus in die teoretiese en praktiese veld van filmvertonings. Die kursus word heeltemal gratis aangebied en daar word slegs vereis dat die persone so ongeveer vier keer per jaar moet uit help. Sy pligte sal dan wees om die film in ontvangs te neem, die film te redigeer, te vertoon en die film dan weer te versend. Die persoon kan ook vir homself 'n sakgeldjie of wat verdien met die aand se vertoning.

Cine Puk het ook kontrakte aangegaan met Metro, Kinekor en Sterfilms om te verseker dat films van 'n hoë standaard verkry word.

Cine Puk wil hom in die nabye toekoms ook wend tot die opvoedingsmedia. Daarom word daar tans 'n kursus beplan oor filmproduksie. Dit sal dus alle fasette van filmproduksie dek en beloof om heel interessant te wees.

## FLORNA

VERLEDE jaar was die Florna-lewe maar stil gewees as gevolg van 'n gebrek aan fondse. Vanjaar het dit beter gegaan en daar is met nuwe ywer kampe gereël.

In November verlede jaar het hulle na Mtunzini in noord-Natal gereis en was hulle onder andere by die see ook gewees.

In Maart vanjaar het hulle besoek gaan aflê by die Magaliesberge, maar die weer het ongelukkig nie saamgespeel nie. In April het hulle Nature's Valley naby Knysna besoek en na verneem word was die uittog soontoe 'n reuse sukses gewees.

In November wil Florna graag 'n groot tiendae-toer aanpak en alle studente is welkom, al is hulle nie 'n lid van Florna nie.

## MONTIUM

MONTIUM is seker een van die mees rondreisendste verenigings binne die Kultuurraad.

In Oktober verlede jaar het hulle Mount Aux Sorces besoek en in November die Transkeise kus.

Hierdie jaar was hulle in April na Lesotho gewees en in Mei na die Kransberge toe. In September wil hulle hulself weer gaan geniet by Sjampagne Castle.

Montium beoog om in die toekoms twee toere gelyktydig te reël wat elke basies dieselfde roete het maar in verskillende rigtings. Ook wil hulle graag in die nuwe termyn 'n Montium-aand reël in sleeptyd om bietjie koffie te drink en sommer net bietjie te gesels oor hulle toere. Daar sal ook flieks en skyfies gereël word by sulke aande en almal is welkom.

## FOTIEK

FOTIEK is daargestel om fotografie as stokperdjie, kunsvorm of net as 'n afleiding binne die bereik van elke Puk te plaas.

Die persone wat maar nog leke is in die fotografie is welkom by fotiek aangesien daar elke jaar opleidingsklasse gehou word om almal bietjie te help in die grafiese kuns. Vir die gevorderde lede is daar ook meer gespesialiseerde klasse om hul tegnieke verder te verbeter.

Kleurfotografie geniet ook tans die aandag van die vereniging en om die kostes laag te hou aan hierdie duur proses word die benodigdhede deur groothandel aangekoop.

Fotografie bly maar 'n individuele stokperdjie, maar fotiek reël gereeld uitstappies of ander sosiale byeenkomste om die lede nouer aan mekaar te bring.

## RETORIES

AS die vraag al by jou ontstaan het wat is die Retoriese vereniging nou eintlik kan daar geantwoord word dat dit by die vereniging is waar daardie nare selfbewustheid om jou sê in die openbaar te sê weggeneem word.

Maar dit is nie net vir die skames wat hier voorsiening gemaak word nie. Die Retoriese vereniging leer 'n mens hoe 'n toespraak beplan, voorberei en gelewer moet word. Daarom is daar genoeg geleentheid vir die ervares en onervares om deur die jaar bietjie oefening te kry op die verskillende redenaarskompetisie wat aangebied word. Daar is ook die kans om met een of ander prys weg te loop op die kompetisies.

Vir die Eerstejaars is daar vroeg in die jaar die Eerstejaarsdebat. Verder is daar ook nog die ATKV-kompetisie en die inter-universitêrekompetisies.

Die Retoriese vereniging nooi alle belangstellendes hartlik uit.

## ALABAMA VOER STEEDS OP

DIE Alabama-studentegeselskap is seker alom bekend onder ons studente. Elke jaar vermaak hulle nie net ons nie maar ook die hele land met hul besondere opvoerings.

Hierdie jaar behels hulle opvoering voor pouse uit 'n Revue en na pouse beeld hulle die studentelewe uit.

Hierdie jaar se vertoning van Alabama word bestempel as die beste ooit en op 2 Augustus is 1975 se toer op televisie vertoon. Hierdie jaar word daar ook weer televisieopnames van hulle gemaak asook 'n plaat.

Daar het ook lede van Alabama deelgeneem aan die fliek „Vergeet my nie".

Vanaf 28 Julie tot 7 Augustus was hulle in Potchefstroom vir hul opvoerings.



Dirigente vir die Intervarsity teen Kovsies.

# Thalia behaal sukses

**THALIA het die pas afgelope vakansie 'n uiters geslaagde toer deur Noord- en Oos-Transvaal onderneem. Oral is die toneelgroep met vriendelikheid en gasvryheid oorval.**

Die gehore het die opvoerings baie geniet en groot lof is ingeoes vir die puik klug wat die Thalia toneelvereniging hierdie jaar op die planke bring. Die toerouers, Oom Oubaas en Tannie Raais Schalekamp het alles saam met die studente geniet en het 'n groot deel bygedra om die sukses van die toer te verseël.

Thalia beplan nog 'n paar naweektoere onder andere na Lichtenburg, Sasolburg, Kroonstad en Welkom.

Pukke, vergeet die akademie en kom lag saam met Thalia vanaf die 7 — 11 September in die Totiussaal. Wat gebeur as 'n meisieskool en 'n seunsskool onverwags onder een dak moet saamleef, groot konsternasie! Bespreek vroegtydig by die S.R. Kantoor.

Thalia vier ook vanjaar sy vyf-en-twintigste bestaansjaar en beplan op die 10de September 'n reünie vir al die oud Thalia-lede en Regisseurs. Met dié geleentheid sal daar om 6 nm. 'n opvoering wees in die Totiussaal en daarna volg 'n Kaas en Wyn waar almal kan lag en gesels. Alle oud Thalia-lede word versoek om voor 15 Augustus hulle name en adresse te stuur aan „Die Voorsitter, Thalia Toneelvereniging, S.S.R. Kantoor, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom". Thalia, maak dit 'n groot fees!

## DISKOTEEK

DIE diskoteek is seker een van die minder bekende verenigings in die Kultuurraad, maar onder Hannes Botes sal ons weldra meer musikale klanke op die kampus hoor gedurende sleeptye. Daar sal dan volop musiek wees van Maandae tot Saterdae op die kampus wanneer die saal nie in gebruik is nie en Sondae aande na kerk sal daar stemmige musiek aangebied word vir die kampus wandelaars.

Daar is ook groot vooruitsigte gestel vir die diskoteek vir die toekoms. Met die ingebruikneming van die nuwe Studentesentrum sal daar 'n nuwe dimensie aan die diskoteek verleen word. Met ingeboude luidsprekers en musiek op kasetbande sal daar van vroegdag musiek wees tot saans 11-uur. Die aanbieding sal geskied in die vorm van 'n radioprogram met nuus, afkondigings én versoekprogramme.

Met die lente om die draai sal die diskoteek in die aande almal seker in 'n nog vroliker stemming plaas.

Ons wens almal die diskoteek 'n nootvaste toekoms toe.

## Voortrekkers

OPLEIDINGSKAMPE, ontspanningskampe, uitstappies, projekte en maar net studentwees is alles deel van Jukskei Staatmakerskommando van die Puk en dan is nog net die helfte genoem.

Die lede het die jaarlikse Staatmakerskonferensie in Bloemfontein bygewoon waar die kommandant verkies is tot voorsitter en ook as die Transvaalse lid vir die landswye Skakelraad.

Die kommando staan besonder aktief in die Transvaal en ook in die plaaslike streek.

## VOLKSPELE

GEDURENDE die April-vakansie is op die Puk 'n suksesvolle volkspelekursus aangebied. Dit is bygewoon deur 24 kursusgangers vanoor die hele Transvaal.

Gedurende die Julie-vakansie het hulle die hele Suidkus deurkruis. Die kostes is so laag as moontlik gehou en dit het elke kursusganger sowat R15 gekos vir die toer.

Daar is ook die afgelope week 'n blitskursus deur Kovsies aangebied op Maselspoort. Die volkspelers hou ook gereeld saamtrekke op plekke soos Coligny, aan die Rand en selfs Mafeking.

Elke Woensdagaand word daar om 18h45 'n spele aand aangebied in die hoofgebousaal. Pukke, julle hoef nie bang te wees om te kom nie, want daar is gereeld nuwe gesigte by die byeenkomste. Die vreemdes word gou-gou touwys gemaak en klasse is gratis.

# *Skakel-en-reklame komitee*

**EEN van die komitees binne die Kultuurraad is die pas gestigte skakel-en-reklame komitee.**

Die doel van hierdie komitee is om alle skakel en reklamewerk binne die Kultuurraad te behartig. Verder sal die komitee ook verantwoordelik wees vir alle inter-universitêre skakeling binne die Kultuurraad.

Die komitee sal ook 'n blaadjie uitgee wat alle aksies van die Kultuurraad reklameer. Die naam van die blaadjie sal Org wees. Org sal eersdaags sy verskyning op die kampus maak.

Org staan net soos sy naam vir ons sê: „Ons reklameer Gesellighede". Die doel van Org sal wees om sulke sake soos opvoerings, flieks, restaurante, uitstallings en ander gesellighede te publiseer. Org sal nie net ontspanningsfasiliteite op die kampus dek nie, maar ook van Potchefstroom self, Klerksdorp, Parys, Johannesburg en Pretoria.

Org sal gratis onder studente versprei word. Org beoog om 'n besondere sirkulasie syfer onder die studente te hê, om sodoende die aksies van die Kultuurraad te adverteer. Deur die verspreiding van Org beoog ons om die studente in hulle sosiale aktiwiteite te aktiveer. Hierdeur word die passiewe studente hopelik ook by sosiale aktiwiteite betrek:

Ons hoop dat ORG groot byval sal vind by die studente en dat sy populariteit gou sal toeneem.

# SPORTFOKUS

## *OVER-DE-VOOR STEEDS IN WEDLOOP VIR TROFEE*

**MET nog net een wedstryd van die 1e koshuisliga oor het die Pepsi Cola-beker nog geen definitiewe eienaar gevind nie. Over-de-Voor was baie ongelukkig om met drie punte te verloor teen Caput wat die wedstryd gewen het met 18—15. Die laaste ligawedstryd vind Saterdag 14 Augustus 1976 plaas tussen Dorp en Hombré. Indien Hombré die wedstryd wen, wat hulle behoort te doen aangesien hulle die sterker span het, verower Over-de-Voor die beker. Indien Dorp wen, is Over-de-Voor en Dorp gelyk en moet daar uitgespeel word vir die beker.**

**Dorp is besonder goed op dreef in die 2e en 3e ligas want hulle is bo-aan albei ligas. Baie geluk aan Dorp tot dusver. Die liga vind egter eers Saterdag sy einde en sal die wenners ook in die ander twee ligas bepaal word.**

**Over-De-Voor v/s Caput. Telling 18—15 in laasgenoemde se guns.**



## *S.A.U. landloop-toernooi*

**SATERDAG 3 Julie 1976 het die Pukke-landloopspan geseëvier op die S.A.U.-landlooptoernooi te Fanie du Toit-sportterrein, Potchefstroom.**

Watter mooi verrassing! Teen alle verwagtinge het die nege mans saamgespan en as kampioene die Saul Suzman landloop-trofee gewen.

Die span het uit die volgengende lede bestaan: Gert Doorewaard; Kobus de Beer; Jandre van Ellewee; Nollie Meintjies; Johan Marais; Boebie Pienaar; Sydney Riekert; Nollie de Beer; Louis van Vuuren; bestuurder; mnr. Hennie Botha.

Die damespan het ook byna vir 'n verrassing gesorg, maar moes egter met 'n tweede plek tevrede wees nadat die Tukkies hulle net-net geklop het.

Die spanne het deurgaans goed presteer en die P.U. vir C.H.O. kan trots wees op die vertoning gelewer deur die landloop-atlete.

Die volgende atlete was gekies vir die S.A.U. (Protea)-span teen Wes-Transvaal vs Suid-Transvaal vs 'n span van die Kus Juniors op 5 Julie 1976 te P.O.K.-sportterrein:

Gert Doorewaard; Nollie Meintjies; Boebie Pienaar.

**Dames:** Alta Stander. S.A.U.-spanbestuurder: Mnr. Hennie Botha.

PUK-atlete wat Wes-Transvaal verteenwoordig was soos volg: Kobus de Beer; Jandre van Ellewee; Sydney Riekert; Nollie de Beer; Johan Marais.

**Dames:** Louise van Biljoen; Denise Swanepoel; Petro Muller; Marietjie Barnard.

## S.A.U.-stoei

DIE PUK mans kom 2de na Tukkies. Ons verloor egter slegs met 4 punte: 31—27.

Kovsies: 14
RAU: 6
Maties: 3

Slegs 9 van ons manne het deelgeneem nadat 3 stoeiers onttrek het a.g.v. militêre diensplig.

Al die Puk stoeiers het plekke behaal in die vorm van 2 Goue medaljes vir M. Logtenberg en D. Bekker, 5 Silwer medaljes vir C. Wolmarans, G. van Niekerk, K. Olivier, C. Lottering en P. Preller. 2 Bronsmedaljes is verower deur W. van Dijk en W. Viljoen. Daaruit kan afgelei word dat ons kanse vir Intervarsity besonder goed is. Sterkte aan al ons bul stoeiers.

## Puk dames-hokkie vaar goed

Die dames van die PUK het tot dusver besonder goed gevaar in hulle hokkieliga. Hulle is tot dusver nog net 1 punt agter Strathvaal wat voorloop. Verder is daar vier dames ingesluit in die Wes-Transvaal span. Hulle is Sandpat Coetzee, Theo Venter, Mariana Joubert en Heila van Deventer. Sandpat Coetzee het die besondere prestasie behaal deur as reserwe vir die Proteaspan gekies te word wat oorsee gaan toer.

Wat die S.A U. Toernooi betref is daar 'n merkwaardige verbetering te bespeur. Ons het nou wel slegs 7e geëindig, maar wel voor Wits en Kovsies. As ons kyk na die doelgemiddeld wat deur die jare gevolg is kan ons sien dat ons dames op die wenpad is. 1976 se doelgemiddeld was 1,6 teen 1 in vergelyking met 1975 se 2.6. 1974 se 5,5 en 1973 se 12 teen 1 doelgemiddeld.

Hierdie jaar was ons grootste nederlaag teen U.P.E. wat ons met 2—0 geklop het. Teen Natal se span het ons 1—0 verloor, teen Wits 2—1 verloor, teen Rhodes gelykop 2 elk, teen Tukkies 1 elk en wen Kovsies 1—0.

Goed gedoen dames en sterkte vir intervarsity.

## Tans lyk die punte toegeken soos volg:

| Koshuis | wedstryde/ | doele / | punte |
|---|---|---|---|
| Vergeet-my-nie | 5 | 37 | 10 |
| Klawerhof I | 3 | 14 | 6 |
| Fort | 3 | 16 | 4 |
| Klawerhof II | 3 | 12 | 4 |
| O/S/Kulu | 5 | 3 | 3 |
| Wag-'n-Bietjie | 4 | 4 | 2 |
| Kasteel | 3 | 2 | 2 |
| Heide | 2 | 2 | 2 |
| Karlien | 5 | 5 | 1 |

## Geeneen toe die wenners

Die hoogtepunt van die seisoen se interkoshuis hokkie was toe inderwaarheid 'n laagtepunt. Saterdagoggend lank voor nege is met die strydbyle (in die vorm van hokkiestokke) afgesit Fanie-du-Tot toe.

Hier het Vergeet-my-nie en Klawerhof hul tande, wat al die hele seisoen geslyp is vir die geleentheid, presies om nege uur vir mekaar gewys. Miskien was Klawerhof se hap net daardie ekstra dieper. Veral as Adrina Petzer, wat geskitter het vir Vergeet-my-nie, se toevallige besering in gedagte gehou word. Gelukkig vir die toeskouers wat gekom het om goeie hokkie te waardeer, kon Adrina die wedstryd voortsit. Om die wedstryd te balanseer moet gemeld word dat daar van Vergeet-my-nie se kant een „strydbyl" gebreek is. Die balans op die ou einde was toe 0—0 in Vergeet-my-nie se guns!



**Tokkelokke en Hombré, ongelukkig 'n gelaaide span.**

## Landloop tot in die wynland (skelmbos)

**VERSLAG van deelname van die P.U. onder 20 rugbyspan aan die sesde jaarlikse S.A. Universiteite onder 20 toernooi, 5—10 Julie 1976 op Stellenbosch.**

**1. Die span:** Twintig spelers met ondergetekende as bestuurder en mnr. C. Cilliers as afrigter het die P.U. op die toernooi verteenwoordig. As gevolg van beserings deur spelers het J. van Deventer hom ook later by die span aangesluit.

**2. Deelnemers, wedstryde en uitslae:** Die toernooi is bygewoon deur alle universiteite. Elke universiteit het vier wedstryde gespeel. Die wedstrydbepalings was soos volg:

**MAANDAG 5 JULIE**

C-veld: 09.30—10.45: U. Kaapstad teen U.P.E.

B-veld: 09.30—10.45: P.U. teen Wits.

11.00—12.15: U.O.V.S. teen U.P.E.

A-veld: 14.30—15.45: Rhodes teen Natal.

15.45—17.00: U. Kaapstad teen U. Pretoria.

**DONDERAG 8 JULIE**

C-veld: 09.30—10.45: Wits teen Rhodes.

B-veld: 09.30—10.45: U. Pretoria teen U.P.E.

11.00—12.15: R.A.U. teen Natal.

A-veld: 14.30—15.45: U.O.V.S. teen Kaapstad.

15.45—17.00: P.U. teen Stellenbosch.

**VRYDAG 9 JULIE**

Die wedstrydbepalings vir Vrydag was deur 'n toernooikomitee bepaal. Prestasies, speelwyse en vorige toernooi. wedstryde het as maatstawwe gedien. Die bepalings was soos volg:

C-veld: 09.30—10.45: Wits teen Natal.

B-veld: 09.30—10.45: Rhodes teen U.P.E.

11.00—12.15: Pretoria teen R.A.U.

A-veld: 14.30—15.45: P.U. teen Kaapstad.

15.45—17.00: U.O.V.S. teen Stellenbosch.

Oor die algemeen was die peil van die rugby baie hoog op die toernooi. Ons span het hulle baie goed van hulle taak gekwyt, veral as in aanmerking veneem word dat hulle nie gewoond is aan die sterk teenstand in die Wes-Transvaalse liga nie. Die uitslae van ons wedstryde was soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| P.U. 18 | Rhodes | 12 |
| P.U. 26 | Wits | 3 |
| P.U. 6 | Stellenbosch | 17 |
| P.U. 17 | Kaapstad | 29 |
| Totaal punte | Teenstanders | |
| P.U. 67 | | 61 |

**3. Gedrag en spel van die spanlede:**

Dit is vir my aangenaam om te rapporteer dat die gedrag van die toerlede deurgaans onberispelik was. Verskeie kere het ons hulsvader Prof Booyens aan my gesê dat die onbesproke gedrag van die span opvallend is. Daar was 'n prysenswaardige samehorigheidsgevoel onder die spelers en 'n puik spangees het ontwikkel. Ek is van geen onaangename insident bewus nie.

Aan die einde van die toernooi is 'n S.A.U. o/20 en 'n o/19 span verkies.

Geen een van ons spelers is tot die o/20 span verkies nie alhoewel die volgende spelers deurgaans puik vertoon het.

J. Venter (Kaptein)
A. Markgraaff
P. Aardsma
J. Tiedt

J. Tiedt is egter tot die S.A.U. o/19 span verkies (Hierdi[e] span ontvang egter nie S.A.U kleure nie).

**4. Aanbevelings:** Ek sou graa[g] die volgende wil aanbeveel me[t] betrekking tot die toernooi:

a. Dat daar aandag geskenk word aan 'n eenvormige dra[g] vir ons spelers wat sulke toer[nooie] nooie bywoon. Graag wil e[k] meld dat die spelers van '[n] groot aantal universiteite ge[dra] dra het wat spesifiek vir hull[e] o/20 span ontwerp was.

b. Dat 22 spelers na die toer[nooi] nooi gestuur moet word aang[e]sien 4 wedstryde in vyf da[e] te veel vereis van twintig sp[e]lers. Veral wanneer spelers b[e]seer raak.

**Bedankings:** Namens die o/[20] rugbyspelers en mnr. C. C[il]liers wil ek graag die Unive[r]siteit bedank vir die geleen[t]heid wat daar was om die toe[r]nooi by te woon.

Ons hartlike dank aan mn[r]. P. Malan, Direkteur van d[ie] Sportinstituut en mnr. [...] Brand wat alle reëlings getr[ef] het in verband met ons de[el]name op Stellenbosch.

P. D. de Villiers

*Die Wapad word gedruk de[ur] die Potchefstroom Her[ald] (Edms.) Beperk, Olënlaan [...] Potchefstroom.*